Gebedsteikens

Dit is belangrik om te besin oor die omvang van dit waarvoor ons moet bid. Ons moet verstaan wat die omvang van ons taak in gebedsoorlogvoering is. Kyk byvoorbeeld net na **Efesiërs 6:18** waar daar staan: *"Terwyl julle met alle gebed en alle smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en alle smeking vir al die heiliges.* " (Parafrasering myne), Let op die woorde **alle** en **elke**. Lees hierdie vers biddend en die Heilige Gees sal iets van die omvang van die gebedstaak aan jou openbaar.

Daar is 'n sekere aantal dinge wat altyd deel uitmaak van ons gebedsagenda. Dit beteken nie dat ons elke dag oor al hierdie sake sal kan bid nie. Maar in die siklus van 'n week behoort hierdie sake op een of ander manier na vore te kom in jou gebedstyd.

Ek wil aanbeveel dat jy gebruik maak van die beginsel van ses konsentriese sirkels. Dit is 'n praktiese manier om vir 'n groot verskeidenheid van sake te bid, van persoonlike herlewing tot wêreldevangelisasie.

Opsommend lyk dit so:

1. Self
2. Gesin/Familie
3. Gemeente en Geestelike Leiers
4. Dorp/Stad
5. Land/Regering/Onbereikte groepe in die land
6. Wêreld/Onbereikte groepe en spesifieke lande. Groot onbereikte blokke mense soos bv. Moslems, Hindoes, Boeddhiste, Ateïste (insluitende humanisme en materialisme).

Jy kan argumentshalwe elke dag 'n ander punt neem en vir die sake (wat daar tuis hoort) bid. Dink vir 'n oomblik aan 'n oorlogsituasie. Die oomblik wanneer daar tot oorlog oorgegaan word, word die strategiese teikens onmiddellik geïdentifiseer. Hierdie uitgesoekte vyandelike stelling word heel eerste aangevat en verower. Sulke strategiese teikens moet tot elke prys ingeneem word voordat daar enigsins vordering gemaak kan word. Natuurlik is dit so dat die vyand sy eie aanvalstrategie het en daarom self ook op spesifieke teikens sal konsentreer.

Die twee belangrikste gebedsdoelwitte waarvoor daar tans wêreldwyd gebid word, is:

a. herlewing (volheid) en
b. wêreldevangelisasie (vervulling).

By al ses sirkels kan ons bid vir herlewing (volheid) en by vyf van die ses sirkels kan ons bid vir wêreldevangelisasie (vervulling). Daar is 'n direkte verband tussen herlewing (om die volheid van God in die kerk te beleef) en wêreldevangelisasie (vervulling van die Groot Opdrag). 'n Individu, gebedsgroep of gemeente wat bv. herlewing ten koste van evangelisering oorbeklemtoon, sal ongebalanseerd ontwikkel. Die omgekeerde is ook waar.

In die volgende paragrawe wil ek iets meer sê oor enkele strategiese gebedsdoelwitte of gebedsteikens.

1. Bid vir jouself

Dit is noodsaaklïk dat elke voorbidder vir homself sal bid. Hier gaan dit oor sondes waaroor daar nog nie oorwinning behaal is nie, bid vir geestelike krag, toerusting en groei. Hierdie gedeelte mag nooit afgeskeep word nie en dit word juis dikwels gedoen.

2. Bid vir die geestelike werkers

Ek kan beswaarlik aan 'n belangriker groep mense dink vir wie daar gebid moet word as

die geestelike werkers en geestelike leiers.

Uit statistiek rondom die geestelike ongevalle by geestelike werkers en geestelike leiers, is dit duidelik dat ons hier met 'n uiters direkte en aggressiewe aanslag van die Bose te doen het. Dit is veral die afgelope 20-30 jaar die geval en volgens alle aanduidings is die stryd op hierdie terrein besig om hewiger te word. Die Satan gebruik sekere metodes om die geestelike werker aan te val.

2.1 Hy probeer om mense wat deur God tot voltydse geestelike werk geroep is, te verhinder om gehoor te gee aan hierdie opdrag. Hy gee vir hulle o.a. aanloklike aanbiedings, groot salarisse, hoë posisies en op baie ander maniere kry hy mense sover om aan God ongehoorsaam te wees. In **Matteus 9:37-38** staan daar: *"Die oes is groot maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes.*" Wanneer die Griekse woord vir *uitstuur* van nader bekyk word, blyk dit dat dit eintlik beteken om *uit te forseer, uit te pers* of *uit te gooi.* Die Amplified Bible stel dit dan ook as volg: *"So pray to the Lord of the harvest to force out and thrust out laborers into His harvest."*

2.2 'n Tweede metode wat Satan gebruik is om arbeiders moedeloos en moeg te maak. Deur vrugtelose arbeid, aanvegtinge, harde harte, siekte en frustrasies, wil hy die geestelike werker se moed breek en laat tou opgooi. Dit is 'n bekende feit dat basies 50% van alle werkers wat hulle vir sendingwerk aanmeld, na 'n jaar nie meer in die veld is nie. Die werkers wat hulle net vir een jaar beskikbaar stel, is nie hierby ingesluit nie. Hierteen moet gebid word. Bid dat die Here **1 Korintiêrs 15:58** sal ingraveër in die harte van alle geestelike werkers: *"Daarom, liewe broers, wees standvastig, onwankelbaar, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle inspanning in diens van die Here nie tevergeefs is nie."* Ons moet bid vir bevryding en verligting van die druk en moeilikhede waarmee geestelike werkers daagliks te doen het **(2 Kor.1:8-11).**

2.3 Nog 'n metode van die Bose in sy aanslag op geestelike werkers, is om die Woord van die Here vir die geestelike werker te verduister en om sy vrymoedigheid om die Woord van die Here te verkondig, weg te neem. In **Efesiërs 6:19** vra Paulus vrymoedigheid dat die gelowiges moet bid dat hy met *vrymoedigheid* die evangelie sal kan verkondig en dat *God aan hom die woorde sal gee* wanneer hy die evangelie moet verkondig. Bid vir die geestelike werker om die verborgenhede van die evangelie *duidelik te verkondig* **(Kol.4:2-4)**.

2.4 Dikwels stuur die Bose slegte en moedswillige mense oor die geestelike werker se pad om hom te frustreer en sy werk te bemoeilik. In **Romeine 15:30-32** en **2 Tessalonisense 3:l2** vra Paulus dat die gelowiges in die gebed saam met hom sal stry en dat hulle moet bid dat die Here hom van *slegte, verkeerde en ongehoorsame mense sal verlos* wat die evangelie teenstaan en probeer skade aandoen.

2.5 Die Skrif leer baie duidelik dat Satan die geestelike werker **direk** aanval. Dit is baie duidelik uit **Efesiërs 6:10-18.** Die wapenrusting moet juis aangetrek word sodat die geestelike werker staande kan bly teen die aanslae van die Bose. **Kolossense 4:12** sê dat ons moet bid dat die *gelowige staande kan bly, volwasse sal word en volkome gehoorsaam aan die wil van God sal wees.*

2.6 Vir die geestelike werker moet gebid word vir geestelike krag vir die vervulling en die salwing met die Heilige Gees. Paulus bid vir die gemeente van Efese in **Efesiërs 3:16-19** dat die Gees van *God hulle innerlik sal versterk, dat hulle in liefde gewortel en gegrondves sal wees en dat hulle heeltemal vervul sal wees met die volheid van God.* Hierdie gebed kan en moet ons woordeliks vir geestelike werkers bid. (Kyk ook na Afdeling IV vir meer riglyne i.v.m. voorbidding vir geestelike werkers.)

3. Bid vir die gemeente

Efesiërs 6:18 sê ons moet vir **al die gelowiges bid**. "Wees *waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges"* Daar word gepraat oor voorbidding vir gemeentes. Maar ek is persoonlik oortuig dat daar heel weinig vir gemeentes gebid word. Lidmate het net nie geleer om werklik intensief vir hulle gemeentes te bid nie. As daar soveel gebed opgaan soos wat deur mense beweer word, sou ons in gemeentes in die breë nie in die toestand gewees het wat hulle tans is nie. Daar sal meer doelgerig en intensief vir al die aktiwiteite binne elke gemeente gebid moet word. Dit geld vanaf die dominee se preek voorbereiding, kerkraadsvergaderings, Bybeltudie- en jeugbyeenkomste tot by die kinders wat net sosiaal bymekaar kom.

4. Bid vir fondse

'n Ander strategiese teiken van die Bose is fondse. Geen geestelike werk kan sonder fondse gedoen word nie. Fondse moet een van die gebedsteikens in gebedsoorlogvoering wees. Bid teen die magte van die Bose wat die fondse vashou deur mense suinig te maak en wat Christene en nie-Christene se fondse na doellose en wêreldse dinge kanaliseer. Bid dat die Heilige Gees in gelowiges en ongelowiges se harte sal werk om fondse vir geestelike werk beskikbaar te stel. Daar is vandag doodgewoon miljoene der miljoene rande nodig om die werk gedoen te kry.

Bid vir gelowiges om hulle tiendes te begin gee. Wie moet gee? Almal, ook die ongelowiges. God sal die ongelowige wat sy tiende gee, seën. Bid dat kinders, oues van dae, almal wat salarisse verdien of 'n besigheid het, hulle tiendes sal gee. Bid dat kerk, Christelike organisasies en instansies wat geld ontvang, sal begin om hulle tiendes te gee. Mense wat sonder geld doodgaan, bankrot speel en voortdurend in nood aan geld het, is dikwels diegene wat nie hulle tiendes gegee het nie. Natuurlik is daar ander wat ook geldelike probleme het en bv. nie wyse rentmeesters van die geld is wat aan hulle toevertrou is nie, maar dit is 'n ander probleem. **Psalm 37:25** het 'n belangrike woord vir die regverdiges. En let op, dit is vir die regverdiges, hulle wat aan God gehoorsaam is (ook in die gee van tiendes) en in die waarheid wandel:
"Ek was jonk en ek het oud geword en nooit het ek regverdige verlate gesien of dat sy nageslag brood soek nie."

5. Bid vir die aftakeling van die vestings van die Bose

Wanneer ons bv. bid vir die oopmaak van 'n nuwe sendingveld of vir 'n area waar die evangelie nog nie deurgebreek het nie, is dit nodig dat ons die vestings van die Bose in daardie area, situasie of persoon se lewe sal onderskei en spesifiek daarteen sal bid.

6. Bid vir oop deure

Daar is sedert 1989 'n deur oop na 'n biljoen mense wat voorheen nie vrylik met die evangelie bereik kon word nie. Ons praat hier van die Ystergordyn lande. Hierdie deur het oopgegaan na jare se gebed en geestelike oorlogvoering teen die vesting van kommunisme. Dink aan China met 1,3 biljoen mense, waar die deure nog toe is. Daar is die Moslemlande waar meer as 1 biljoen mense woon. Hierdie deur is nog toe. Vandag is daar wêreldwyd 'n gebedsaanslag deur die Christendom teen die vesting van die Islam, Albanië was die eerste sogenaamde ateïstiese land in die wêreld. Na baie jare se gebed het die Here die deur oopgemaak en kan die evangelie vandag in Albanië verkondig word. Meer as 1,5 biljoen mense is in Boeddhisme en Hindoeïsme vasgevang. In Februarie 1994 het die deur oopgegaan vir die verkondiging van die evangelie. In die Boeddhistiese land Bhutan - na baie jare se intensiewe gebed vir daardie land. Daar is talle meer geslote groepe - wat beteken dat daardie groepe nie met die evangelie bereik kan word nie. Die evangelie móét na alle mense toe geneem word.

7. Bid die duisternis weg

Lees **2 Korintiërs 4:3-4** en **Efesiërs 2:2-3.** Die duisternis wat ons wêreld omhul en wat mense se lewens verwoes en vernietig, word veroorsaak deur sonde, vestings van die Bose in mense se gemoedere en die invloed van die groot wêreldgodsdienste soos Hindoeïsme, Boeddhisme, Islam, Sjintoïsme ens. op die mensdom, Hierdie verduisterende invloed van sonde en die magte van die Bose moet weggebid word. Daar waar duisternis is, m.a.w. daar waar die evangelie van Jesus Christus en sy heerskappy van waarheid en vrede nie gevestig is nie, moet die duisternis weggebid word totdat Jesus alles en in almal is.

8. Bid vir die gelowiges

Dit is duidelik uit **Efesiërs 6:18** dat ons by elke geleentheid vir alle gelowiges/heiliges moet bid. Ons moet bid dat hulle geestelik sal groei vir kennis en insig, vir fyn aanvoeling, vir ‘n lewende geloof, dat hulle staande sal bly en dat hulle kragtige getuies vir Christus sal wees, vol van die Heilige Gees en die waarheid.

9. Bid dat die evangelie vinnig sal versprei

Lees **2 Tessalonisense 3:1-2.** In die afgelope 2000 jaar het die evangelie slegs die helfte van die wêreldbevolking bereik. (Dit beteken nie dat die helfte van die wereldbevolking gered is nie.) Daar is tans (1994) nog 6 000 onbereikte groepe in die wêreld. Teen die tempo waarteen die evangelie huidiglik deur die wêreld bekend word, sal dit letterlik nog honderde jare neem voordat almal gehoor het. Die evangelie móét eenvoudig vinniger versprei. Mense móét die geleentheid kry om te hoor dat daar Iemand was wat reeds 2000 jaar gelede die prys vir hulle verlossing betaal het.

10. Bid vir konings, owerhede en alle hooggeplaastes

In die eerste plek sê Paulus, moet daar voorbidding gedoen word vir **konings, owerhede en alle hooggeplaastes,** sodat ons ‘n rustige en stil lewe kan lei en die evangelie kan verkondig (**1 Tim.2:1-2).** Staatshoofde is juis die mense wat in geweldige invloed uitoefen op die verspreiding van die evangelie. Ons moet bid vir almal wat hooggeplaas is. Paulus sê baie duidelik wáárom in **1 Timoteus 2:34** sodat mense tot kennis van die waarheid kan kom en sodat ons ‘n rustige en stil lewe kan lei. Bid vir die politici, munisipale amptenare dat die Here hulle denke en besluitneming sal oorheers. en staatsamptenare in uitvoerende posisies. Bid vir hulle redding en *"In die eerste plek vermaan ek dan dat smekinge, gebede, voorbedes, dankseggінge gedoen moet word vir alle mense;* vir *konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons ‘n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid"* **(1 Tim.2:1-2, OV).**

11. Bid vir die redding van mense

Lees **2 Petrus 3:9.** Die evangelie van Jesus Christus is die evangelie aan sondaars. Die evangelie wil aan mense toon hoe hulle vir ewig met God versoen kan word. Een van die doelwitte van gebed moet altyd die redding van ongeredde mense wees. Vir my is die primêre doel van gebedsoorlogvoering, die redding van mense.

12. Bid vir alle sending- en evangelisasiewerk wat gedoen word

Een van die redes waarom sendingorganisasies in baie gevalle so weinig vordering maak, is omdat daar nie gebedsondersteuning is nie. Groot kostes word aangegaan om evangelisasieveldtogte te reël en baie tyd en energie word spandeer aan voorbereiding, met heel dikwels ‘n karige oes aan mense wat in oorgawe aan Christus maak. Waarom?

Daar word nie genoeg op die regte manier gebid nie.

13. Bid vir die 10/40 Venster

Sedert die begin negentiger jare het die konsep **10/40 Venster** in algemene gebruiksterm geword onder Christene wat die Groot Opdrag van Christus in **Matteus 28:19-20** ernstig neem. *Die 10/40 Venster is in denkbeeldige strook tussen 10 grade en 40 grade noorderbreedte, vanaf Wes-Afrika oor die Midde-Ooste en Asië tot aan die ooste kant van Japan. Binne hierdie denkbeeldige venster is* daar 62 lande geleë. Van die 6000 met die evangelie onbereikte groepe in die wêreld, woon meer as 97% binne die 10/40 Venster. Meer as 80% van die wêreld se armste mense woon binne hierdie Venster en al die hoofsetels van die wêreld se grootste nie-Christelike godsdienste (bv. Islam, Hindoeïsme, Boeddhisme, Sjintoïsme), is binne hierdie Venster geleë. Die 50 mees ongeëvangeliseerde stede in die wêreld (minder as 3% Christene), val binne die 10/40 Venster.

Wêreldwyd fokus al meer Christene tans hulle gebede op die 10/40 Venster. In Oktober 1993 het meer as 21 miljoen Christene reg oor die wêreld vir geestelike deurbrake onder hierdie onbereikte groepe gebid. Sommige van hierdie groepe, soos die Koerde in Noord-Irak, bestaan uit ongeveer 25 miljoen mense met slegs enkele duisende Christene onder hulle. In die Noord-Weste van Pakistan is daar ‘n groep van 15 miljoen mense (ongeveer 50 verskillende stamme) waar daar sover bekend net 30-50 Christene is. Talle voorbeelde kan nog genoem word oor die nood binne hierdie lande.

a) Bid vir die **62 lande** binne die 10/40 Venster.
b) Bid vir die groot **megastede** binne die 10/40 Venster.
c) Bid vir die **kinders** binne die 10/40 Venster.
d) Bid vir die **armes en behoeftiges** binne die 10/40 Venster.
e) Bid vir die verbreking van die **vestings van die Bose** binne die 10/40 Venster.
f) Bid vir meer werkers na die 10/40 Venster.
g) Bid vir oop deure na lande binne die 10/40 Venster.

‘n Weeklikse gebedskedule

‘n Baie praktiese manier om te sorg dat jy op ‘n gereelde basis vir al die sake bid waarvoor iy graag wil bid, is om dit in te deel volgens die verskillende dae van die week. Bid elke dag van die week vir ‘n spesifieke aantal sake wat deur jouself bepaal word. Maak gerus gebruik van die indeling soos hieronder genoem en voeg by elke dag nog ander sake soos wat die Here dit op jou hart lê.

Maandag:
Bid vir **ongeredde mense;** bid vir godsdienstige radio-uitsendings (TWR, Radiokansel) en ander godsdiensprogramme oor die radio en TV; bid vir die verspreiding van geestelike lektuur (Bybels, traktaatjies, geestelike boeke); bid vir die getuienis van gelowiges teenoor ongelowiges; bid vir ongelowiges wat jy ken.

Dinsdag:
Bid vir persone in **gesagsposisies.** Maak jou eie lys van persone vir wie jy wil bid.

Woensdag:
Bid vir die **verskillende lande** van die wêreld- gebruik die boek **Operation World** van Patrick Johnstone as basis; gebruik inligting uit die koerante en nuusbulletins oor die radio en TV, bid vir elke volk en stam en taal en nasie **(Op.5:9-10)** bid vir die redding van mense in hierdie lande, vir sending- en evangelisasiewerk, die kerke, en vir die verbreking van die invloed van valse godsdienste. Daar is ongeveer 235 verskillende lande in die wêreld en in ongeveer 97 van daardie lande is daar in verbod op die verkondiging van die evangelie. Probeer om elke week vir

4 lande te bid.

Donderdag:
Bid vir geestelike werkers asook vir meer arbeiders in die oesland en vir die nodige fondse vir die werk van die Here; bid vir die predikante, pastore, evangeliste, geestelike werkers en geestelike leiers; bid vir individue by name.

Vrydag:
Bid vir die kerk van die Here en vir alle gelowiges-, bid vir geestelike groei; bid vir herlewilng In die kerk; bid vir eenheid tussen die kerke en verskillende denominasies, bid vir die kerk vir in nuwe visie t.o.v. die onvoltooide sendingtaak" bid vir die Lydende kerk (Ondergrondse kerk) in lande waar die evangelie verbode is.

Saterdag:
Bid vir die siekes, verdruktes en noodlydendes.

Sondag:
Bid vir jou gesin, **familie en vir huwelike** (veral huwelike waar daar probleme is).

Baie belangrik! Hierdie is verskillende sake waarvoor daar gebid moet word. Dit beteken nie dat alle voorbidders vir al die sake moet bid nie. Dit mag wees dat die Here jou lei om net vir spesifieke dinge voorbidding te doen. Soms lê die Here dit op een persoon se hart om hoofsaaklik vir die sending te bid, maar ‘n ander voel gelei om vir die owerheid te bid. Wees sensitief vir die leiding van die Heilige Gees i.v.m. die sake waaroor jy moet bid.